

WAAROM DIE WET?

Deur Don Esposito

Ek wil 'n storie deel wat onlangs met my gebeur het in Jerusalem. 'n Man het na my toe gekom vir berading wat gedink het hy het die onvergeeflike sonde gepleeg. Hy het vertel dat hy gewillige gesondig het nadat hy 'n gelowige in Yahshua geword het. Hy het ook verklaar dat hy gevoel het hy gaan in elk geval na die poel van vuur, so waarom moet hy probeer om die Wet of Torah van Yahweh te bewaar? Hierdie man se dilemma is nie veel verskillend van alle mense s'n vandag nie. Alhoewel baie wettelose Christene ons beskuldig dat ons ons redding probeer werf omdat ons strewe om Yahweh se Torah(wet) te gehoorsaam, verstaan ons dat dit nie die geval is vir ware gelowiges nie. In baie aspekte verskil ons nie veel van die jong man wat gedink het hy het die onvergeeflike sonde gepleeg nie, **“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die voortreflikheid van Yahweh.”** (Rom.3:23).

Alle ware gelowiges besef dat hul werke slegs 'n doodsvonnis verkry het, en dus kan niemand wat ooit gelewe het na die troon van Yahweh gaan en vir redding vra deur sy werke nie. Rom.3:20, **“aangesien uit die werke van die Torah geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die Torah is die kennis van sonde.”**

Op die oordeelsdag sal daar twee dinge gebeur: Of Yahweh se barmhartigheid of Sy geregtigheid gaan seëvier.

Of ons sal ingaan tot Sy Koninkryk deur die

guns van Sy Seun Yahshua se gestorte bloed, of ons sal presies ontvang wat ons verdien en reguit in die poel van vuur gegooi word. Beide gevalle is totaal regverdig in Yahweh se oë, en dit is Sy reg as Skepper van alles om beide situasies te laat geld. Waarom dan sal 'n mens die Wet (Torah) van Yahweh bewaar? Indien ons reeds sonder die Wet gered is, waarom sal ons dit onderhou? En as 'n mens na die poel van vuur gaan, watter voordeel sou dit in elk geval inhou om die Torah te bewaar?

Die antwoord is eintlik dieselfde in beide gevalle. Die Wet was nooit bedoel om redding/verlossing te bring nie, dit was alleenlik bedoel om aan ons die verskil tussen reg en verkeerd te leer (Ps119:105). Daar is nie 'n enkele persoon op hierdie aarde wat nie blydschap wil hê nie, en die nugter realiteit is dat die direkte blydschap van ons lewens totaal afhang van die daaglikse keuses wat ons elke dag maak. Praat ons nou van egskending, seksueel oordraagbare siektes, slegte werktoestande, of selfs om nie die huur te kan betaal nie, al hierdie dinge is die newe-effekte van slegte besluite (keuses) wat geneem word.

Die Torah van Yahweh in die Skrif is eenvoudig daar om ons te leer wat reg of verkeerd is, en dit weerhou ons daarvan om soveel onnodige verkeerde of slegte besluite te neem wat slegs sal lei daartoe dat ons geen blydschap sal hê nie.

Ps 19:7 (8) Die Torah van Yahweh is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van Yahweh is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.
Ps 19:8 (9) Die bevel van Yahweh is reg: hulle verbly die hart; die gebod van Yahweh is

suiwer: dit verlig die oë.

Die Wet (Torah) is volmaak, maar ons is nie. Die feit is dat meeste mense besluite neem wat gebaseer is op hul eie harte. Jer 17:9 **“Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Die kern van die saak is dit: Of jy werklik gered is of glad nie in Yahweh glo nie, is dit alleenlik wys om Torah te bewaar.**

Gal 3:12b **“maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.”**

Om Yahweh se Wet te onderhou (bewaar) sal alleenlik tot 'n vreugdevolle, vervulde, betekenisvolle lewe lei. Dit sal jou bewaar teen egskending, siektes, bitterheid, en al die ander gevolge wat ontstaan as gevolg van sonde. Hierdie is nie godsdiens nie, dis wetenskap.

Om varkveis te eet kan tot hartsiektes lei. Om hoogs toksiese kos soos kreef en krap te eet kan tot hepatitis lei, asook ander siektes. Egbreuk en voorhuwelikse seks sal tot seksueel oordraagbare siektes lei. Selfs Spreuke 14:30 vertel ons: **“'n Rustige hart is die lewe vir die vlees, maar hartstog 'n verrotting vir die beendere.”**

Daar is sommiges wat van mening is, dat mense met haat en bitterheid beenkanker kan ontwikkel. My vriend se pa was deur sy dokter vertel dat sy lewe met ten minste 10 jaar verkort was weens 'n gees van bitterheid.

Yahweh se Wet is soos gravitasie, dit faal nooit nie, en selfs die Apostel Paulus (Shaul) vertel ons; Rom 7:12 Dus is die Torah afgesonder en

die gebod is afgesonder en regverdig en goed. Die probleme is nie met die volmaakte Wet van Yahweh nie, maar met die rebelse, afvallige natuur van die mens.

Spreuke 14:12, **“Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.”**

Die enigste rede waarom 'n ateïs nie in Yahweh wil glo nie is omdat hy nie rekenskap wil gee aan 'n hoër outoriteit nie. Maar soos ons gewys het, is daar geen ontsnapping vanaf die wette van die natuur wat Yahweh ingestel het nie. Jy gaan maai wat jy gesaai het. Of jy gered is of nie, dit is wysheid en blydskap tot 'n individu se lewe dat hy Yahweh se Wette bewaar.

'n Man wat ek hierdie afgelope somer ontmoet het, het soortgelyke gedagtes gehad of ons nodig het om Yahweh se Torah te bewaar of nie. Toe vertel hy my dat hy homself 'n eenvoudige vraag gevra het: Hoe sou die wêreld gewees het as die hele aarde se bevolking slegs een van die Tien Gebooie bewaar het? Kom ons veronderstel jy mag nie steel nie. Hy het gedink en gesê: Daar sou nooit weer kinders ontvoer word nie. Daar sou geen egbreuk wees nie, want iemand sal nie 'n ander man se vrou steel nie. Daar sou geen spanning in die wêreld wees as gevolg van oorloë wat woed oor mense se grondgebiede wat weggeneem word nie. En daar sou geen slotte aan ons deure wees nie, want ons sou dit nie nodig kry nie. Klink dit vir jou soos slawerny of 'n binding, of klink dit na vryheid?

Daar is 'n tweede rede waarom 'n ware

gelowige in die Messias die Torah sal bewaar. Indien die Wet die volmaakte wil van Yahweh is soos ons gesien het uit Sy Woord, dan sal ons juis alles wil doen binne daardie volmaakte wil om ons verhouding met Yahweh rein te hou. Daarom sal ons nou die Wet deur geloof bewaar.

Hebreërs 11:6 verklaar **dat dit onmoontlik is om Yahweh te behaag sonder geloof.** Geloof is “eenvoudig om te glo dat alles wat Yahweh sê die waarheid is.” Ons gehoorsaam nie Torah om gered te word nie, want ons is alreeds verlos deur die bloed van Yahshua. Ons gehoorsaam Torah deur geloof net soos ons vader Abraham het, want ons glo Yahweh wanneer Hy sê dat Sy Woord **VOLMAAK** is!

Vir my of enige persoon om selfs een letter van Sy Woord te gaan verander, sal wys dat ek nie glo dis volmaak nie, en dus sal ek myself dan 'n skepper maak in Sy plek en so die eerste gebod breek;

Deut 5:7 **“Jy mag geen ander magtiges voor My aangesig hê nie”.**

Om te verklaar dat die Wet op my hart geskrywe is en daarom hoef ek dit nie meer te onderhou nie, maak absoluut geen sin hoegenaamd nie. Dit is soos 'n siek persoon met pneumonie wat sê sy medisyne is in die yskas, en dat hy dus sal beter word deur dit nie te gebruik nie! Hoe kan iets op jou hart geskrywe staan en terselfdertyd “mee weggedoen” wees? Dit is waarlik 'n bespotting van Yahshua se gees van genade. Hy is duidelik: As jy Hom liefhet bewaar Sy gebooie!

1Joh 2:4 **“Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.” Dit is duidelik dat ware gelowiges in Yahshua die Messias sal doen:**

1Jon 2:6 **“Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.” Enige ander wandel is nie volgens die lig van die Woord nie.**

Jesaja 8:20 **“Tot die Torah en tot die getuienis! As hulle nie praat ooreenkomstig hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen daglig het nie.” PASOP vir wolwe in skaapsklere!**

Matt 7:21-23, **“Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam demone uitgedryf en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid [Gr.=anomia] bedryf!”**

Die weg waarop ons die volmaakte wil van Yahweh ken is deur Sy Woord, die Torah en die Nuwe Testament; laat ons strewende daarna om een met ons Hemelse Vader te word deur die woorde wat Hy aan ons gegee het. Amen. Vir enige verdere inligting, besoek gerus ons webtuiste

www.coyhwh.com